Afrikanertradisies



"Ons sal antwoord op jou roepstem, ons sal offer wat jy vra: Ons sal lewe: ons sal sterwe - ons vir jou Suid-Afrika!"
- C J Langenhoven

Doelwit: *Om die Verkenner vertroud te maak met die gebruike en tradisies van die Afrikaner.*
Weergawe: *2007.0*
Datum: *Augustus 2007*

Begronding:

Voortrekkerkode:
4. 'n Voortrekker hou die taal en kultuur van die Afrikanervolk in ere.
5. 'n Voortrekker leer uit die geskiedenis van sy volk en bou die toekoms daarop.

ABC: Met die aanbieding van hierdie spesialisasie word die Verkenner se begrip van Afrikanerskap verbeter deur die opdoen van kennis aangaande die gebruike en tradisies van ons kultuur.

Aanbiedingsvereistes:

Tydsduur:	Twee dae	**Graadgroep:**	8 - 12
Voorvereistes:	Geen		
Aanbieding:	• **Twee** werkstukke van 500-600 woorde elk moet per individu voltooi word, of **een** werkstuk en **een** van die volgende: 'n handwerkartikel, 'n model of 'n tradisionele musiek- en sangaand. • Die spesialisasie moet oor minstens **twee** dae (**16** uur) aangebied word – dit hoef nie aaneenlopend te wees nie. • Indien die spesialisasie in span-/groepsverband afgehandel word, moet al die onderskeie keuses by vereiste 3 gedek word.		
Toekennings instansie:	Kommando		

Uitkomste:

Om die kenteken te verwerf moet die Verkenner:

1. *Vertroud wees met die Afrikanergebruike op die volgende terreine van die volkslewe:*
   - *1.1 Godsdiens en kerk.*
   - *1.2 Gesin en familie.*
   - *1.3 Voeding.*
   - *1.4 Behuising.*
   - *1.5 Ontspanning: vermaak, sport en spel.*
   - *1.6 Medisyne/boererate.*
   - *1.7 Musiek en sang.*
   - *1.8 Volksfeeste.*
   - *1.9 Landbou.*
   - *1.10 Oorlogvoering.*
2. **Vyftien** *idiome wat hulle oorsprong in enige van die voorgaande gehad het, neerskryf.*
3. **Twee** *van bogenoemde gebruike/tradisies in meer besonderhede bestudeer en oor* **elkeen** *'n paragraaf van 500–600 woorde skryf. Die Verkenner moet die werkstuk illustreer deur middel van foto's, sketse, ensovoorts.*

   óf

   Een *geskrewe werkstuk en* **een** *handwerkartikel (vir speelgoed),* ***of een*** *model (vir behuising),* ***of*** *die reël van 'n tradisionele musiek- en sangaand aangebied word. In alle gevalle moet die verkenner skriftelik verduidelik tot watter mate (indien enige) die tradisies vandag nog voortbestaan.*

WENKE

- *Die Verkenner moet vryheid gegee word met die werkstuk. Enige gepaste uitbeelding moet toegelaat word, aangesien geskrewe take baie stereotiep kan raak.*



- Die volgende literatuur is bruikbaar:
  - ~ CARSTENS, R.H.E. & GROBBELAAR, PIETER. 1988. Voortrekkerlewe: Agter die skerms op die Groot Trek. Pretoria: FAK.
  - ~ PRETORIUS, J. CELESTINE, red. 1988. Op trek: Die daaglikse lewe tydens die Groot Trek. Pretoria: Scripta Africana.
  - ~ PRETORIUS, J. CELESTINE. 1992. Die geskiedenis van die volkskuns in Suid-Afrika. Kaapstad: Vlaeberg.
  - ~ SPOELSTRA, B. 1922. Ons volkslewe: Kultuurhistoriese leesboek. Voorwoord deur G.S. Preller. Pretoria: Van Schaik.